OORDE
Korting by ATKV-oorde

ATKV-lede kwalifiseer vir ledekorting en voorkeurbesprekings by die ATKV se sewe vakansieoorde. Om vir die korting in aanmerking te kom, moet die lid tydens verblyf by 'n oord teenwoordig wees.

Die ATKV se moderne en voortreflike selfsorgakkommodasie en kamperingsgeriewe is veral binne seisoen uiters gewild.

Die puntestelsel van die ATKV-oorde werk soos volg:
Regverdige toekennings

Een van die lidmaatskapvoordele van die ATKV is korting op vakansiehuisvesting. Op grond van punte verwerf volgens die lojaliteitsprogram, wissel die afslag tussen 20% en 30%. Die lojaliteitsprogram word hieronder uiteengesit. Die oorde stel hul tariewe vas (vóór korting) volgens 'n markverwante grondslag met inagneming van elke oord se onmiddellike mededingers in die selfsorgmark.

ATKV-lede kry ook voorkeur by besprekings in spitstye, tydens skoolvakansies en sekere langnaweke. Gedurende sommige van hierdie besige tye ontstaan daar selfs vir lede 'n tekort aan akkommodasie en woonwastaanplekke. Om dié rede maak die oorde van 'n puntestelsel gebruik om regverdige toekennings aan lede te maak wanneer die vraag na verblyf by oorde die aanbod oorskry.

Die doel van die puntestelsel is dan ook om te help dat soveel ATKV-lede as moontlik die geleentheid kry om die oorde tydens spitstye te besoek.

Die puntestelsel van die ATKV-oorde is al by verskeie geleenthede na aanleiding van terugvoer van lede hersien om te verseker dat die toekenning van verblyf by die oorde aan ATKV-lede regverdig is.

Só kry jy punte

Die puntestelsel vir toekenning van huisvesting en woonwastaanplekke by die ATKV-oorde is op 10 November 2007 hersien en is soos volg deur die ATKV-direksie goedgekeur:

Die volgende punte word per gesin toegeken:

- Vir elke jaar wat 'n aansoeker sedert sy/haar vorige besoek gedurende 'n betrokke vakansieseisoen aan 'n oord nie by die betrokke oord was waarvoor hy/sy aansoek gedoen het nie, word een punt per jaar toegeken (geld slegs vir jaarlidmaatskap).

- Vir 'n besoek gedurende die jaar van 'n ATKV-lid aan 'n ATKV-oord (skoolvakansies en langnaweke uitgesluit), of vir 'n ATKV-lid wat meer as driehonderd kilometer van 'n ATKV-oord af woon, word een punt eenmalig toegeken.

- Aktiewe taklede (soos uiteengesit in die takreglement), wat deur hul onderskeie takbesture, ooreenkomstig die kriteria vir aktiewe taklede, as sodanig benoem word, kwalifiseer vir drie punte.

- Die volgende punte word ooreenkomstig die ATKV se lojaliteitsprogram toegeken:
- Lede met platinum status verwerf drie punte.

- Lede met goue status verwerf twee punte.
- Lede met silver status verwerf een punt.

Só maak jy 'n oordbespreking

Elke oord se tariewe is eiesoortig en word na gelang van die vakansietye asook die soort huisvesting en gradering aangepas. Die nuutste pryslyste is beskikbaar op aanvraag asook op ons webwerf. ATKV-lede geniet die voorreg om as dagbesoekers by die oorde te gaan kuier. Die dagbesoekerstariewe van elke oord is op aanvraag beskikbaar.

Besprekings moet by die oorde self gemaak word. Die kontakbesonderhede vir die oorde is:

- **ATKV-Buffelspoort**
  014 572 1000 buffelspoort@atkv.org.za
- **ATKV-Drakensville**
  036 438 6287 drakensville@atkv.org.za
- **ATKV-Eiland Spa**
  015 386 8000 eilandspa@atkv.org.za
- **ATKV-Goudini Spa**
  023 349 8100 goudini@atkv.org.za
- **ATKV-Hartenbos**
  044 601 7200 hartenbos@atkv.org.za
- **ATKV-Klein-Kariba**
  014 736 9800 kariba@atkv.org.za
- **ATKV-Natalia**
  031 916 4545 natalia@atkv.org.za

ATKV VAKANSIE Oorde

Jou ATKV-lidkaart en identiteitsdokument moet aan die oord se ontvangspersoneel getoon word. Indien jy net voor die vakansie jou lidkaart verloor het, sal ons jou volgens jou identiteitsnommer kan identifiseer.

Verblyftoekenning

1. Alle aansoeke om verblyf moet skriftelik voor of op 31 Januarie (per pos, faks, e-pos of webwerf) deur die aansoeker na die betrokke oord gestuur word. Vir hierdie doel moet 'n verblyfvorm wat by die betrokke oord beskikbaar is, ingevul word.

Indien die vraag na verblyf die aanbod oorskry, word die puntestelsel toegepas.

2. Sodra die inligting van die aansoeker deur die oord gekontroleer is, word die aansoek geregistreer.
3. Hierna word die punte volgens die puntestelsel toegeken.
4. Verblyf word aan alle ATKV-lede op dié wyse toegeken en die aansoekers word jaarliks skriftelik vanaf 15 Maart in kennis gestel of die aansoek suksesvol was al dan nie.
5. Die eerste ronde deposito's moet jaarliks teen 30 April ontvang word.
6. 'n Waglys word jaarliks vanaf 1 Mei opgestel van persone wat onsuksesvol was in hul aansoek en wat bevestig of versoek het om op die waglys geplaas te word.
7. Die tweede ronde toekennings word volgens die waglys jaarliks teen 30 Junie deur die oord ontvang asook die betalings vir die tweede ronde deposito's.
8. Indien daar nog aansoeke op die waglys is, word 'n derde ronde toekennings jaarliks gemaak tussen 1 Julie tot 30 Julie.
9. Sodra verblyf aan alle ATKV-lede op dié wyse toegeken is en alle waglyste aandag geniet het, word verdere aansoekers wat nie ATKV-lede is nie gehelp.

10. Besprekings moet betyds by ’n oord gemaak word.
    Die sluitingsdatums is:
    - Aprilvakansie – voor 1 September die voorafgaande jaar.
    - Julievakansie – voor 1 Januarie vir die betrokke jaar.
- Desembervakansie voor 31 Januarie jaarliks.

ATKV-LOJALITEITSPROGRAM

Lojaliteit en deelname word beloon

Die ATKV-lojaliteitsprogram is gegrond op kategorielidmaatskap wat met ingang van 1 April 2005 in werking getree het. Volgens hierdie stelsel word lang, aktiewe lidmaatskap en lojaliteit met punte beloon. Die aantal punte bepaal ’n lid se lidmaatskapstatus en hiervolgens geniet ATKV-lede verskillende voordele.

Só kry jy lojaliteitspunte

Lidmaatskap word in verskillende kategorieë verdeel, naamlik gewone, brons, silwer, goud en platinum. Altesaam 30% van ’n lid se punte kan na die volgende jaar oorgedra word. Punte kan soos volg verdien word:

- Vier punte vir elke jaar.
- Twee punte vir elke lid wat gewerf word.
- Een punt vir elke R100 wat bestee word by LAPA Uitgewers in Pretoria, kunstefeeste of ander boekuitstallings uitgesluit.
- Die volwasse lede en gade kan elk twee punte verdien wanneer hulle aktief by ’n tak of takke inskakel (maksimum twee punte per persoon).

- Wanneer ‘n persoon een van die ampte beklee soos in artikel 11.2 van die takreglement uiteengesit (takvoorsitter, takondervoorsitter, taksekretaris, takpenningmeester, taksekretaris/ penningmeester) kan die hooflid en/of dié se gade tien punte verdien.

- Vir die bywoning van die ATKV-kongres kan die volwasse lede elk twee punte verdien.
- Wanneer ‘n lid op ‘n komitee van die direksie dien, word ‘n maksimum van vyftien punte per gesin toegeken.

Puntetoekenning

Op 31 Desember word die punte vir die lojaliteitsprogram bereken op grond van die aktiwiteite gedurende die jaar en die status wat die lid geniet. Hierdie punte geld dan vir die volle jaar daarna. Die lid behou die punte vir die aantal jare lidmaatskap, maar slegs 30% van die ander punte wat behaal is, word na die volgende jaar oorgedra. Die status van ‘n lid sal by die oorde beskikbaar wees sodat lede hul afslagvoordele kan kry.

‘n Voorbeeld van die toekenning van status volgens die ATKV se lojaliteitsprogram word in die tabel op die volgende bladsy uiteengesit.

TIPE LOJALITEIT/ DEELNAME	HOOFLID	GADE	PUNTE
Tydperk van lidmaatskap	10 jaar lid	-	40 (4 punte per jaar)
Lede gewerf	2 lede gewerf	1 lid gewerf	6 (2 punte per lid gewerf)
Boeke by LAPA in Pretoria gekoop	R100 bestee	R100 bestee	2 (1 punt per R100 bestee by LAPA Uitgewers, Pretoria)
Aktief in tak	Ja	Ja	4 (2 punte per persoon)
Takbestuur	Ja	Nee	10 (10 punte per persoon)
Bywoon van kongres	Nee	Ja	2 (2 punte per persoon)
Direksiekomiteelid (per jaar)	Ja	Nee	15 (15 punte maksimum per gesin)
STATUS: Goud (sien onderstaande toedeling)			TOTAAL: 79 punte

AANTAL PUNTE	KATEGORIE	VOORDELE
0 - 24	Gewone	20%-afslag by oorde
25 - 49	Brons	25%-afslag by oorde
50 - 74	Silwer	25%-afslag by oorde
75 - 99	Goud	27,5%-afslag by oorde Word genooi na alle eindfeeste, eie reiskoste
100+	Platinum	30%-afslag by oorde Word genooi na alle eindfeeste, eie reiskoste

LET WEL

- Die aantal punte vir oordverblyf bepaal die toekenning van verblyf tydens ‘n vakansie.
- Die aantal lojaliteitspunte bepaal die persentasie (%) afslag by oorde.